# 21 Maart 2024 - Lesing 267 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Reiniging van die aarde **–** 28/2/62

**NO: 8112** Ek wil die aarde reinig en van haar weer 'n plek van vrede maak waar die liefde sal regeer en waar Ek self te midde van Myne sal kan vertoef, omdat hulle liefde vir My dit sal toelaat.

**Eers moet ek egter 'n reiniging laat plaasvind**. Aan My teenstander se aktiwiteite moet 'n einde gemaak word en **daarom moet hy self in kettings gebind word, saam met sy aanhang**. D.w.s. alle gees wat aan hom behoort moet weer in harde materie **gekluister** word.

Al die geestelike wat hulleself op die weg van die positiewe ontwikkeling bevind, moet in vorme geplaas word wat aan hul toestand van rypheid voldoen.

En so sal My teenstander alle mag verloor, want die geestelike is van hom afgeneem, wat in **gedwonge toestand** nou weer die weg oor die aarde sal gaan.

En die mense, op wie hy sy invloed op wil uitoefen, het hulleself van hom afgekeer en het definitief na My teruggekeer, sodat hulle dus as **stamouers van die nuwe mensegeslag (menseras)** nie meer deur hom in die noute gedryf kan word nie.

Elke mag wat hy in sy aanhang sien, sal hom ontneem wees, want oor die gees in die materie – in die skeppings van die aarde – die gekluisterde geestelike, **het hy geen mag nie**.

**En daar sal weer vrede wees op aarde vir 'n lang tyd**.

Daarom moet dit deur 'n reinigingsproses voorafgegaan word en dit sal plaasvind deur 'n **werk van vernietiging van onvoorstelbare omvang,** want daar vind 'n totale omvorming van die hele aardoppervlak plaas, alle skeppings word opgelos en weer nuut gevorm, **wat ook 'n ondergang van alle mense en lewende wesens beteken**, 'n vergaan van dit alles wat die geestelike in hulleself berg.

Die skeppingswerk "aarde" bly wel bestaan, **maar tot diep in haar binneste** sal die geweld van die natuurkragte vir hulleself 'n weg baan. Hulle sal die vaste materie uiteen laat val en al die gekluisterde die moontlikheid van **nuwe omvorming** gee. Want alles het uit die ordening geraak omdat die mense geheel teen My ordening van ewigheid lewe en handel.

En daarom noet alles 'n nuwe rangordening ondergaan, wat vooraf 'n uiteenval van die skeppingswerke vereis, wat vir die mense dieselfde sal wees as die ondergang, **want buiten diegene wat Ek voor die einde sal wegneem, sal niemand die einde oorleef nie**.

Maar slegs vir die mens is die laaste gebeure vreeslik, **omdat die siel weer opnuut in die vaste materie verban gaan word**, terwyl al die ander geestelik maar net 'n **vooruitgang** in hulle ontwikkeling kan boekstaaf.

Want vir al die geestelike word nuwe vorme geskape wat hulle opneem. En die skeppings op die nuwe aarde sal **heelwat bekoorliker wees** en weer word daar aan die geestelike die moontlikheid gegee om **dienend** besig te wees, waardeur al die geestelike hoër klim **en steeds weer hul huidige vorm kan verwissel.**

Die omvormingswerk van die ou aarde is vir jule mense ophande. En ofskoon julle nie op hoogte is van die dag en die uur nie, **moet julle julleself op die einde voorberei** – julle wat nie ten prooi wil val van die ondergang nie, die wat aan My wil behoort en nie onder die verskriklike regspraak van 'n **hernieude kluistering** wil ly nie.

Glo dat julle in die tyd van die einde leef en hou julle besig met hierdie gedagte, **dat julle self julle lot skep**: Dat julle 'n besonder salige en heerlike lewe sal kan lei in die paradys van die nuwe aarde, maar dat julle ook kan wegsink in diepste duisternis, as julle nie die genade verdien het om weggeroep te word nie, om in die hiernamaals nog 'n moontlikheid te kry om omhoog te klim.

Maar neem die arbeid aan julle siel ernstig op, dit wil sê: **Lei 'n lewe in onbaatsugtige naasteliefde** en daardeur sal julle ook die band met My tot stand bring en dan ook **verseker gered word** van ondergang.

Steeds weer sal Ek vir julle mense die aanmanings en waarskuwings stuur, steeds weer sal julle oor die slae van die noodlot en katestrofes van allerlei aard hoor of daardeur oorval word, **want dit is vir julle almal aanmanings,** om te dink aan 'n skielike dood en **die lot van julle siel** as sy nog nie in staat is om My ryk van lig en geluksaligheid binne te kan gaan nie.

Ek wil nie dat julle verlore gaan nie. Ek wil dat julle die ewige lewe verwerf, maar julle mense leef onverantwoordelik verder. Julle dink nie aan My nie en **julle dink ook nie aan die lot van julle siel na die dood van julle liggaam nie**.

En steeds weer moet Ek julle daarop opmerksaam maak dat julle 'n vreeslike lot tegemoet gaan, dat julle – in die hardste materie verban – die weg van julle ontwikkeling weer opnuut sal moet begin **in onuitspreeklike kwelling en nood**.

Maar dat julle hierdie lot egter ook van julle sal kan afwend, wanneer julle na My luister, wanneer julle **diegene glo wie in My Naam verkondig dat julle kort voor die einde staan**.

Want die tyd is vervul en dit sal kom **soos verkondig is in woord en geskrif**. Amein.